

Belangrike oorwegings wanneer u van werk verander

Daar word aanvaar dat werkers vandag waarskynlik meer dikwels van werk sal verander as 50 jaar gelede. Die werkomgewing het meer buigsaam en beweeglik geword. Die arbeidsmark raak ook al hoe meer mededingend omdat maatskappye die beste talent wil lok. Diens kan ook beëindig word as gevolg van oortolligheid en afdanking. Gevolglik raak die versoeking groot om by verandering van werk, om watter rede ook al, aftreespaargeld te onttrek. Dit skakel egter nie die behoefte uit om vir aftrede voorsiening te maak nie.

Talle studies het getoon dat dit baie moeilik is om vir enige vroeë onttrekking van aftreespaargeld te vergoed – selfs al lê aftrede nog dekades ver. Dit is as gevolg van die toenemende finansiële verpligtinge wat werkers moet nakom soos hulle vorder gedurende hul werkloopbaan – bv. kinders se opvoeding, behuising, ens. U sal heel waarskynlik ook nie later kan vergoed vir die kragtige uitwerking wat saamgestelde rente met verloop van tyd op beleggingsopbrengste het nie. Vroeë onttrekking kan dus tot frustrasie en angs aan die einde van u werkloopbaan lei, wanneer u agterkom dat u aftreevoorsiening nie genoeg is om 'n bevredigende pensioen aan te koop nie. Dit is baie belangrik om die implikasies van u aftreefonds-opsies ten volle te verstaan en te evalueer wanneer u van werk verander.

Belangrike implikasies van vroeë onttrekking:

- **U kan aanspreeklik word vir belasting wat van die kontantvoordeelbedrag afgetrek moet word**

Ooreenkomstig die Inkomstebelastingwet moet u belasting betaal op enkelbedragonttrekkings. Enige onttrekkingsvoordeel bo R25 000 sal belasbaar wees. Die vrystelling van die R25 000 geld slegs eenmalig. Vorige enkelbedrag-onttrekkingsvoordele word in ag geneem om u belastingaanspreeklikheid te bepaal elke keer wanneer u 'n onttrekking uit 'n aftreefonds aangaan – d.w.s. vorige kontantvoordele word bygetel vir belastingberekeninge. Die belastingkoers wissel van 18% tot 36%, afhangende van die totale bedrag van u enkelbedrag-onttrekkings uit aftreefondse soos aangedui in die tabel hieronder.

Belasbare inkomste uit enkelbedragvoordele	Belastingkoers
0 – R25 000	0% van belasbare inkomste
R25 001 – R660 000	18% van belasbare inkomste bo R25 000
R660 000 – R990 000	R114 300 plus 27% van belasbare inkomste bo R660 000
R990 001 en meer	R203 400 plus 36% van belasbare inkomste bo R990 000

- **U verminder u belastingvrye vergunning op die toelaatbare enkelbedragvoordeel by finale aftrede**

Die eerste R500 000 van die toelaatbare enkelbedragvoordeel by aftrede is van belasting vrygestel. Enige vorige enkelbedrag-onttrekkingsvoordele wat uit u aftreefonds ontvang is, sal egter hierdie belastingvrye vergunning verminder. Dit kan dus gebeur dat u op die volle enkelbedragvoordeel by aftrede belasting moet betaal. Die belastingkoers op enkelbedragvoordele uit aftreefondse wissel van 18% tot 36% soos aangedui in die tabel hieronder.



Belasbare enkelbedrag (R)	Belastingkoers
0 - 500 000	0% van bedrag
500 001 - 700 000	R0 + 18% van bedrag bo R500 000
700 001 - 1 050 000	R36 000 + 27% van bedrag bo R700 000
1 050 001 en meer	R130 500 + 36% van bedrag bo R1 050 000

- **U loop die voordeel van saamgestelde beleggingsopbrengste mis**

U aftreespaargeld verdien elke jaar beleggingsopbrengste. Hierdie opbrengste word herbelê en verdien ook opbrengste. Dit beteken u spaargeld en die opbrengste daarop werk gelyktydig tot u voordeel. Hoe langer u belê bly, hoe vinniger groei u spaargeld danksy die uitwerking van saamgestelde rente.

Beskikbare opsies

Wanneer u die diens van u werkgewer as lid is van die Central Provident Fund verlaat, sal u dokumente ontvang oor verskillende opsies vir aftreespaarvoordele. Hieronder is 'n opsomming van u opsies en die voordele, nadele en belastingimplikasies daarvan.

Opsie	Voordele	Nadele	Belastingimplikasies
Word 'n opbetaalde lid en laat u voordeel in die fonds (verstek-bewaringstrategie)	U voordeel word bewaar totdat u aftree.	Geen.	Geen belasting nie.
Gaan oor na u nuwe werkgewer se aftreefonds	U voordeel sal bewaar word totdat u aftree.	U kan nie toegang tot die voordeel kry nie, tensy u lidmaatskap van die nuwe fonds beëindig word.	Geen belasting nie.
Gaan oor na 'n bewaringsvoorsorgfonds	U voordeel sal bewaar word totdat u aftree. U mag een onttrekking aangaan, op enige tyd, en die orige bedrag bly in die fonds tot u aftrede (onderhewig aan belasting).	Geen.	Geen belasting nie.
Kontantenkelbedrag	U sal toegang hê tot kontant.	U sal van voor af vir aftrede moet begin spaar. U sal miskien nooit kan inhaal en gemaklik kan aftree nie.	Die enkelbedragvoordeel is belasbaar .

Verstek-bewaringstrategie

As u u werkgewer se diens verlaat en nie die administrateur (Sanlam Lewens) oor u keuse ten opsigte van die opsies hierbo inlig nie, sal u outomaties 'n opbetaalde lid van die fonds word. Dit is die **Verstek-bewaringstrategie** wat deur die Raad van Trusteas van die Central Provident Fund aanvaar is in ooreenstemming met Regulasie 38 van die Pensioenfondswet. U spaargeld sal in die fonds bewaar word so lank as wat u dit daarin wil hou. U sal ook 'n sertifikaat ontvang om u opbetaalde lidmaatskapstatus te bevestig.



Kom ons kyk na Thuli

Sy is 35 jaar oud en werk al 10 jaar vir Maatskappy ABC. Sy is tans 'n lid van die ABC Voorsorgfonds wat deur Maatskappy A geborg word en het reeds R223 000 opgebou.

Sy kry 'n beter geleentheid en voordele by Maatskappy XYZ en besluit om Maatskappy ABC te verlaat.

As 'n diensvoorwaarde vereis Maatskappy XYZ dat Thuli 'n lid van hul XYZ Voorsorgfonds moet wees.

Sy bly die volgende 25 jaar by Maatskappy XYZ, tot haar aftrede op ouderdom 60.

Scenario 1

Thuli besluit om die hele voordeel te bewaar deur dit na haar nuwe werkgewer se XYZ Voorsorgfonds oor te dra. Geen belasting is op die oordrag betaalbaar nie en haar aftreespaargeld bly onaangeraak. Sy slaag daarin om totale aftreespaargeld van **R6.3m** in die nuwe XYZ Voorsorgfonds op te bou tot op ouderdom 60. Sy besluit om R500 000 van haar opgehoopte voorsorgfondsgeld in kontant te neem en die res (R5.8m) te gebruik om 'n pensioen te koop. Aangesien sy nooit in die verlede kontantonttrekkingsvoordele uit 'n aftreefonds ontvang het nie, is die volle enkelbedragvoordeel van R500 000 by aftrede belastingvry.

Scenario 2

Thuli onttrek al haar aftreespaargeld van R223 000 uit die ABC Voorsorgfonds toe sy van werk verander op ouderdom 35. Die eerste R25 000 van die enkelbedrag-onttrekking is van belasting vrygestel. Sy betaal dus belasting van sowat R36 000 (teen 'n koers van 18%) op die res van die onttrekkingsvoordeel bo R25 000. Sy kry dus net sowat R187 000 na belasting en sal weer van voor af vir aftrede moet begin spaar op ouderdom 35.

Haar aftreespaargeld in die XYZ Voorsorgfonds loop op tot **R4.1m** teen ouderdom 60. Sy besluit ook om by aftrede R500 000 as 'n enkelbedragvoordeel in kontant te neem en met die res 'n pensioen te koop.

Aangesien die som van enkelbedragvoordele wat sy voorheen gekry het (R223 000 uit haar vorige werkgewer se ABC Voorsorgfonds) en die enkelbedragvoordeel by aftrede (R500 000) meer is as die belastingvrye vergunning van R500 000, sal sy by aftrede belasting moet betaal. Die totale bedrag aan enkelbedragvoordele wat sy ontvang het, is R723 000. Haar totale belastingaanspreeklikheid by aftrede sal sowat R42 000 wees (R36 000 plus 27% van R23 000, die bedrag van die totale voordeel bo R700 000). Haar netto enkelbedragvoordeel by aftrede is dus R458 000.



Voordele van bewaring

In Scenario 1 het Thuli R2.2m meer by aftrede gehad as in Scenario 2 – sy kon hierdie welvaart opbou deur bloot haar aftreevoordeel te bewaar toe sy van werk verander het. Sy vermy die betaling van belasting by vroeë onttrekking van aftreespaarvoordele en behou haar belastingvrye vergunning op die enkelbedragvoordeel by aftrede.

Die addisionele welvaart by aftrede wat deur bewaring verkry is, is amper 10 keer haar opgehoopte spaargeld toe sy van werk verander het. Dit is 'n bewys van die kragtige uitwerking van saamgestelde beleggingsgroei wanneer mens oor 'n lang tydperk spaar.

Kry hulp

Hierdie dokument is bloot ter inligting. Dit is nie bedoel om enige finansiële, regs- of belastingadvies te verskaf of 'n grondslag vir enige finansiële besluit te wees nie. Raadpleeg asseblief u geakkrediteerde finansiële adviseur voordat u besluite oor u finansiële toekoms neem.